Sanlam Beleggings

FICA-vereistes vir Individue

Dokumente wat ons aanvaar om u besonderhede te bevestig

- Afskrif van Suid-Afrikaanse strepieskode identiteitsdokument (ID) of Slimkaart; of
- Afskrif van Paspoort (indien buitelandse burger)

Maak asseblief seker dat die dokument u Volle name, Van, ID nommer en uitreikingsdatum duidelik aantoon. Indien 'n Slimkaart gebruik word, benodig ons 'n duidelike afskrif van die voor- en agterkant van die Slimkaart.

Voorsien ons asseblief van die volgende verifikasie dokumente indien u namens die belegger optree:

1. Minderjarges

- Afskrif van Geboortesertifikaat / "Unabridged Birth Certificate"
- Identiteitsbewys van Ouer of Voog
- Bewys van Voogdyskap (indien nie ouer)
- Vorm C – voltooi deur Ouer of Voog

2. Gevolmagtigde

- Afskrif van aanstellingsbrief (bv Algemene Volmag / Mandaat / Kuratorskap)
- Identiteitsbewys van gevolmagtigde
- Vorm C – voltooi deur Gevolmagtigde

Ons mag verdere dokumentasie verlang indien:

- U nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie
- U nie geverifieer kan word nie
- U 'n belastingpligtige buite Suid-Afrika is
- U 'n Plaaslike Vooraanstaande Invloedryke Persoon (**DPIP**) of Buitelandse Vooraanstaande Openbare Amptenaar (**FPPO**) is soos omskryf in die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum

Dit mag insluit:

- Bewys van Woonadres
- Bewys van Indiensnememing
- Bewys van Bankbesonderhede
- Bewys van Bron van fondse

Ons aanvaar die volgende dokumente indien bewys van woonadres benodig word:

- 'n Nutsrekening in u naam (munisipale belasting, water, elektrisiteit)
- 'n Ondertekende brief van die munisipaliteit op 'n munisipale briefhoof wat u adres bevestig, mits die munisipaliteit wat die adres bevestig die munisipaliteit is van die area waarin u woonagtig is
- 'n Ondertekende brief van adresbevestiging deur die bank, wat u woonadres aandui en op die bank se briefhoof is
- 'n Afskrif van u Telefoon- of Internetrekening, bv Telkom, Neotel ens.
- 'n Afskrif van u bank-, of kredietkaartstaat wat u woonadres aandui
- 'n Afskrif van u M-Net- of DSTV-rekening
- 'n Afskrif van heffingsertifikaat uitgereik deur die regspersoonlike liggaam, huiseienaarsvereniging of besturende agent vir eiendomme in deeltitel-, troshuis- of aandeelblokontwikkelings
- Onlangste betaalstrokie of salarisstaat wat u woonadres aandui
- Indien die belegger 55 jaar of ouer is, 'n afskrif van 'n aftree-oord op hul briefhoof dat u 'n inwoner is
- 'n Ondertekende beëdigde verklaring of bewys deur 'n Stamowerheidsraad op hul briefhoof wat die woonadres in 'n nedersetting bevestig
- 'n Afskrif van 'n winkelrekening
- 'n Afskrif van 'n SAUK-televisielisensie of SAUK-lisensiehernuwingsbrief wat die woonadres aandui
- 'n Afskrif van 'n motorlisensie wat die woonadres aandui
- 'n Afskrif van 'n SAID-dokument (uitgesonderd aanslae of "e-filing" dokumente) wat die woonadres aandui
- 'n Afskrif van 'n huurkontrak wat die woonadres aandui. (Dit is toelaatbaar om net die eerste en laaste bladsy van die huurkontrak te aanvaar indien die huurtermyn op hierdie bladsye aangedui word.)
- 'n **Effektetrusts verklaring vir bevestiging van residensiële Adres** vorm. Die persoon wat die adres bevestig moet ook geïdentifiseer en geverifieer word (bewys van identiteit en adres).
- Indien die Nutsrekening of aanvaarbare voorgeskrewe adresbewys in die naam van 'n Trust is, benodig ons:
    - Verklaring deur al die gevolmagtigdes dat u by die adres woonagtig is (nie ouer as 6 maande nie)
    - Besluit van die Gevolmagtigdes met proefhandtekeninge van die Trust
    - Aanstellings van die Trust